**DIE KONING KOM VIR KINDERS**

Afkortings is 'n interessante deel van enige taal. 'n Afkorting is baie soos 'n geheime kode. As dit 'n bekende afkorting is, kan jy maar net die 2 of 3 letters van die afkorting noem en dan weet almal waarvan jy praat. Daar is verskillende maniere waarop afkortings gebruik kan word. Dit kan gebruik word as 'n mens skryf. Dink aan 'n afkorting soos km (kilometer) of mnr (meneer) of dr (dokter). As mense met mekaar praat, gebruik hulle ook soms afkortings wat almal ken. Gewoonlik sê ons nie iemand het 'n Baccalaureus Artium Graad nie - nee, ons sê hy het 'n BA Graad. Ons sê ook nie iemand is 'n lid van die Russiese Komitet Gosoedarst-wennoi Bezopasnosti nie - nee, hy is eenvoudig 'n lid van die KGB. En dan is daar deesdae 'n nuwe wêreld van afkortings - selfoon afkortings wat kinders en grootmense byna elke dag gebruik - behalwe die van ons wat nie selfone het nie, en natuurlik die wat selfone het, maar dit omtrent nooit gebruik nie.

Party afkortings bestaan uit klein lettertjies, ander bestaan uit hoofletters. Party het punte, ander het geen punte nie. Party bestaan uit 1 letter, sommige 2 letters en ander 3 letters. Ek hou van afkortings wat uit 3 van dieselfde letters bestaan. (Moenie vir my vra hoekom nie - dit klink seker maar net mooi as iemand sê: AAA of BBB). Ek weet van 7 afkortings wat uit 3 van dieselfde letters bestaan. Ons gaan nou iets doen wat baie interessant is. Ons gaan 'n bietjie na hierdie afkortings kyk en dan gaan ons nuwe woorde kry wat by die afkorting pas. Ons gaan 7 bekende afkortings neem en van hulle Skrif-afkortings maak!

AAA (Art and Advertising Academy - AAA School of Advertising).
Nuwe afkorting: Amper Alles is Anders (2 Kor 5:17 "Daarom, as iemand in die Messias is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.")

BBB (Britse en Buitelandse Bybelgenootskap - soms ook BBBG)
Nuwe afkorting: Baie Beter Beloftes (Ivriem / Hebreërs 8:6 "Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is.")

HHH (Hoërskool Hottentots Holland - Skool in Somerset-Wes)
Nuwe Afkorting: Halwe Harte word Heel (Yegezkel / Esegiël 36:26 "En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.")

KKK (Ku -Klux Klan - geheime terroriste organisasie in Amerika)
Nuwe Afkorting: Die Koning Kom vir Kinders (MattitYahu / Matteus 18:3 "Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!")

VVV (Vreemde Vlieënde Voorwerp - Is daar lewe in die ruimte?)
Nuwe Afkorting: Ver Van Versoeking (MattitYahu / Matteus 26:40-41 "So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie? Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.")

WWW (World Wide Web - die opwindende, gevaarlike wêreld van die Internet)
Nuwe Afkorting: Wie Wil Wen? (Romeine 12:21 "Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie." 1 Yahuganan / Johannes 2:13 "Ek skryf aan julle, jongmanne, omdat julle die Bose oorwin het.")

XXX (XXX Peppermints of XXX Motors - Ekstra Sterk, Goed, Mooi, ensovoorts)
Nuwe Afkorting: Ek's in 'n Ekstra Eksamen (Yaákov / Jakobus 1:12 "Geseënd is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Meester beloof het aan die wat Hom liefhet."